

BENODIGDHEDE: Ongeveer 300 g pienk Tridalia Nr. 8 (50-g-bolle); Anchor-string-katoengare (gebruik 6 drade saam), 2 stringe donkerpienk en 1 string geel; hekelpen van 1,25 mm; borduurnaald, ongeveer nr. 6; 90 cm wit linne van 180 cm breed.

AFKORTINGS: Hekel: ks – kettingsteek; gs – glipsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; driesl – drieslagsteek; herh – herhaal; vlg – volgende; tr – trossie, soveel steke soos genoem saam deurgetrek.

Borduur: Franse knopies, madeliefiesteek, stamsteek.

AANWYSINGS: Die rand bestaan uit 'n aantal skulpe wat met glipsteke aan mekaar gehekel word.

EERSTE SKULP: 1e ry: Hekel 1 blomblaar: 6ks, (1ks vir basis en 5ks vir driesl), in 1e van die 6ks hekel 'n 3 driesl-tr; hekel nog 6 blomblare op dieselfde manier, met 'n gs tussen 3e en 4e blomblaar; hekel nog 2 blomblare, met 1gs tussen 1e en 2e blomblaar; nog 'n blomblaar, 7ks, 1gs in basis van 1e blomblaar, 10ks, 1lb tussen vlg 2 blomblare, hekel 4 keer: (7ks, en 1lb) tussen vlg 2 blomblare, 10ks, gs in bopunt van laaste blomblaar. Knip gare af en werk netjies af.

2e ry: Heg gare met 'n gs aan 3e st van eerste 10ks-sp vas, 3ks (vir 1e lb), hekel 9lb in dieselfde sp, 1lb in vlg lb, 9lb in vlg sp, 1lb in vlg lb; (12lb in vlg sp, 1lb in vlg lb) 2 keer, 9lb in vlg sp en 1lb in vlg lb; 8lb in vlg sp, 1lb in 3e laaste ks van dieselfde sp, draai.

3e ry: 5ks, (3ks vir 1e lb en 2ks vir 'n sp), slaan 1 st oor, 1lb in vlg st; (2ks, slaan 1 st oor, 1lb in vlg st) tot einde, draai.

4e, 5e, 6e, 7e ry: (5ks, 1kb in vlg sp) tot einde, draai.

8e ry: [2kb, 1 picot (van 3 ks, gs in basis van 1e ks), 2kb] tot einde.

Knip gare af en werk netjies af. Maak nog ongeveer 35 sulke motiewe en werk hulle met gs aanmekaar by 1e en laaste 8 picots. Moenie gare afknip na voltooiing van laaste motief, maar werk binnerand van skulpstrook (die reguit rand) só af:

1e ry: Hekel 4kb in elke klein sp en 12kb in elke groot sp.

2e ry: 4ks (= 3ks vir 1e lb en 1ks vir sp), slaan 1 st oor, 1lb in vlg st, (1ks, slaan 1 st oor, 1lb in vlg st) tot einde, maar eindig met gs in 3e van 4 begin-ks.

BORDUURWERK: Knip 'n vierkant van 90 x 90 cm uit materiaal en soom smal om. Vergroot skets met behulp van afgemete lyne aan buitekant daarvan en dra dit oor op ruitjiespapier met ruitjies van 1 x 1 cm. Trek dit nou op tafeldoek af en borduur blomhartjies met geel gare en Franse knopies, terwyl blomblare met pienk gare en madeliefiesteek geborduur word. Werk gehekelde rand aan omgesoomde tafeldoek vas, en plooi dit by hoeke effens in.



IETS FEESTELIKS

DIAGRAM VIR BORDUUR WERK

1 blokkie = 1 cm

